BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

20c — Maandag 14 April 1980 — WINDHOEK — Monday 14 April 1980 — No. 4117

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

N. J. DAVIN
*Sekretaris van die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika*

Windhoek

No. AG. 29 — 14 April 1980

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Nasionale Vergadering, 1979 (Proklamasie AG. 21 van 1979), deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 19 van daardie Proklamasie:—

No. 3 van 1980 Wet op Pensioene vir Statutêre Instellings, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

N. J. DAVIN
*Secretary of the National Assembly of South West Africa*

Windhoek

No. AG. 29 — 14 April 1980

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly of South West Africa and signed by the Administrator-General in terms of the National Assembly Proclamation, 1979 (Proclamation AG. 21 of 1979) is hereby published in terms of section 19 of that Proclamation: —

No. 3 of 1980 Statutory Institutions Pensions Act, 1980

Wet No. 3, 1980

# WET OP PENSIOENE VIR STATUTÊRE INSTELLINGS, 1980

*(Engelse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 10 April 1980)*

## WET

**Om voorsiening te maak vir pensioene en ander geldelike voordele vir persone in diens van statutêre instellings en vir hulle afhanklikes en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering van Suidwes-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywings.

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "aanvullende toelae" 'n bedrag wat uit die by die Skatkis- en Ouditproklamasie, 1979, ingestelde Sentrale Inkomstefonds, ter aanvulling van 'n jaargeld betaal kan word; (xvii)

(ii) "afhanklike", met betrekking tot 'n lid of 'n pensioentrekker, die weduwee of minderjarige kind van so 'n lid of pensioentrekker, en ook 'n ander persoon deur die Direkteur vir doeleindes van hierdie Wet as 'n afhanklike van 'n lid of pensioentrekker aangewys; (iii)

(iii) "die Direkteur" die Direkteur van Finansies; (xix)

(iv) "die Fonds" die Statutêre Instellingspensioenfonds by artikel 2 ingestel; (xx)

(v) "die Kommissie" die bekleder van 'n amp in diens van die Staat wat deur die Administrateur-generaal van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* aangewys word of 'n liggaam wat aldus aangewys word; (xviii)

(vi) "gratifikasie" 'n enkelbedrag wat ingevolge hierdie Wet by uitdienstreding van 'n lid of by afsterwe van 'n lid of pensioentrekker uit die Fonds betaalbaar is; (iv)

(vii) "hierdie Wet" ook 'n regulasie; (xxi)

(viii) "inkomste" 'n inkomstefonds of 'n ander fonds van 'n statutêre instelling en ook 'n rekening van so 'n fonds of instelling; (xv)

**STATUTORY INSTITUTIONS ACT, 1980** **Act No. 3, 1980**

*(English text signed by the Administrator-General on 10 April 1980)*

# ACT

**To provide for pensions and other financial benefits for persons in the service of statutory institutions and for their dependants and for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the National Assembly of South West Africa, as follows:—

1. In this Act, unless the context otherwise indicates — Definitions.

(i) "annuity" means any amount payable from the Fund under this Act at an annual rate in equal monthly payments;. (ix)

(ii) "benefit" means any amount other than a pension, payable from the Fund under this Act; (xix)

(iii) "dependant", in relation to a member or a pensioner, means the widow or minor child of such a member or pensioner, including any other person designated for the purposes of this Act by the Director as a dependant of a member or pensioner; (ii)

(iv) "gratuity" means a single amount payable from the Fund under this Act on retirement of a member or on the death of a member or a pensioner; (vi)

(v) "member" means a member of the Fund; (x)

(vi) "pension" means a gratuity, annuity or supplementary allowance; (xi)

(vii) "pensionable age" means the age of sixty years or, in the case of a member of any particular class or category such earlier age as may be prescribed in respect of any such member; (xiv)

(ix) "jaargeld" 'n bedrag wat ingevolge hierdie Wet teen 'n jaarlikse koers in gelyke maandelikse betalings uit die Fonds betaalbaar is; (i)

(x) "lid" 'n lid van die Fonds; (v)

(xi) "pensioen" 'n gratifikasie, jaargeld of aanvullende toelae; (vi)

(xii) "pensioengewende diens", met betrekking tot 'n lid, 'n tydperk van diens soos in die regulasies omskryf en ook 'n tydperk wat ingevolge die regulasies as pensioengewende diens van daardie lid gereken word; (ix)

(xiii) "pensioengewende verdienste" die jaarkoers van daardie gedeelte van 'n lid se besoldiging en toelaes wat die Kommissie, na oorlegpleging met die Direkteur, hetsy oor die algemeen of in 'n besondere geval of klas of kategorie van gevalle, bepaal; (viii)

(xiv) "pensioenouderdom" die ouderdom van sestig jaar of, in die geval van 'n lid van 'n bepaalde klas of kategorie, die vroeëre ouderdom wat ten opsigte van so 'n lid voorgeskryf word; (vii)

(xv) "pensioentrekker" iemand wat 'n jaargeld ontvang; (x)

(xvi) "regulasie" 'n regulasie wat kragtens hierdie Wet uitgevaardig en van krag is; (xiii)

(xvii) "statutêre instelling" 'n instelling of liggaam wat kragtens artikel 3 'n statutêre instelling verklaar is; (xvi)

(xviii) "uitdienstreding" uitdienstreding soos in artikel 5 bedoel; (xiv)

(xix) "voordeel" 'n ander bedrag geld as 'n pensioen, wat ingevolge hierdie Wet uit die Fonds betaalbaar is; (ii)

(xx) "voorgeskrewe" en "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf; (xi)

(xxi) "vorige fonds" die Owerheidsdienspensioenfonds en die Owerheidsdienssuperannuasiefonds ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Pensioene vir Swart Owerheidsdiens, 1971 (Wet 6 van 1971). (xii)

(viii) "pensionable emoluments" means the annual rate of such portion of the emoluments and allowances of a member as the Commission, after consultation with the Director, either in general or in any particular case or class or category of cases, may determine; (xiii)

(ix) "pensionable service", in relation to a member, means any period of service as may be defined in the regulations, including any period which, in terms of the regulations, may be reckoned as pensionable service of such members; (xii)

(x) "pensioner" means any person in receipt of an annuity; (xv)

(xi) "prescribed" means prescribed by regulation; (xx)

(xii) "previous fund" means the Authorities' Service Pension Fund and the Authorities' Service Superannuation Fund established under section 2 of the Black Authorities' Service Pensions Act, 1971 (Act 6 of 1971); (xxi)

(xiii) "regulation" means a regulation made and in force in terms of this Act; (xvi)

(xiv) "retirement" means retirement as contemplated in section 5; (xviii)

(xv) "revenue" means any revenue or other fund of any statutory institution, including any account of any such fund or institution; (viii)

(xvi) "statutory institution" means any institution or body declared to be a statutory institution under section 3; (xvii)

(xvii) "supplementary allowance" means any amount which may be paid from the Central Revenue Fund established by the Exchequer and Audit Proclamation, 1979, in order to supplement any annuity; (i)

(xviii) "the Commission" means such holder of an office in the service of the State as may from time to time be designated by the Administrator-General by notice in the *Official Gazette* or any body so designated; (v)

(xix) "the Director" means the Director of Finance; (iii)

(xx) "the Fund" means the Statutory Institutions Pension Fund established by section 2; (iv)

(xxi) "this Act" includes any regulation. (vii)

Wet No. 3, 1980

# WET OP PENSIOENE VIR STATUTÊRE INSTELLINGS, 1980

Instelling van die Fonds.

2. Hierby word 'n fonds ingestel wat as die Statutêre Instellingspensioenfonds bekend staan en bestaan uit —

(a) die voorgeskrewe bedrae wat lede aan die Fonds betaal;

(b) die voorgeskrewe bedrae wat uit inkomste aan die Fonds betaal word;

(c) die ander bedrae wat die Fonds toeval.

Verklaring as statutêre instelling.

3. Die Administrateur-generaal kan van tyd tot tyd by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* vanaf die in daardie kennisgewing bepaalde datum 'n by of kragtens wet ingestelde instelling of liggaam 'n statutêre instelling vir die doeleindes van hierdie Wet verklaar.

Lidmaatskap van die Fonds.

4. 'n Persoon wat vir 'n tydperk van minstens vier-en-twintig uur per week in diens van 'n statutêre instelling is, is, behoudens die bepalings van die regulasies, lid van die Fonds en dra daartoe by.

Betaling van pensioene by uitdienstreding.

5. (1) 'n Lid van die Fonds wat uit die diens van 'n statutêre instelling tree —

(a) by of na bereiking van die pensioenouderdom;

(b) vanweë sy diensbeëindiging as gevolg van voortdurende swak gesondheid wat sonder sy eie toedoen ontstaan het;

(c) vanweë sy diensbeëindiging as gevolg van die re-organisasie van die statutêre instelling waar hy werksaam is;

(d) weens die een of ander rede wat voorgeskryf word,

is vanaf die eerste dag van die maand wat onmiddellik volg op die datum waarop sy diens by sodanige statutêre instelling eindig, geregtig op die voorgeskrewe pensioen.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1)(b),(c) of (d) is 'n daarin bedoelde lid op 'n pensioen geregtig slegs indien sy uitdienstreding geskied onder die omstandighede of op die voorwaardes wat die Kommissie, na oorlegpleging met die Direkteur, van tyd tot tyd bepaal.

(3) Ondanks die bepalings van subartikel (1) word 'n pensioen of voordeel wat betaalbaar is aan 'n persoon wat daarop geregtig is, betaal binne 'n tydperk van sestig dae na die datum waarop die Direkteur, 'n behoorlik voltooide staat, in die vorm wat hy vir die doeleindes van hierdie subartikel bepaal, ontvang of, indien hy daardie staat ontvang voor die datum waarop 'n pensioen of voordeel aan die betrokke persoon betaalbaar is, die datum waarop sodanige pensioen of voordeel betaalbaar is.

Establishment of the Fund.

2. A fund is hereby established to be known as the Statutory Institutions Pension Fund, which shall consist of —

(a) the prescribed amounts paid by members to the Fund;

(b) the prescribed amounts paid from revenue to the Fund;

(c) such other amounts as may accrue to the Fund.

Declaration as statutory institution.

3. The Administrator-General may from time to time by notice in the *Official Gazette,* as from such date as may be specified in such notice declare any institution or body established by or under any law, to be a statutory institution for the purposes of this Act.

Membership of the Fund.

4. Any person who is in the service of a statutory institution for not less than twenty-four hours per week shall, subject to the provisions of the regulations, be a member of the Fund and contribute thereto.

Payment of pensions on retirement.

5. (1) Any member of the Fund who retires from the service of a statutory institution —

(a) on or after attaining the pensionable age;

(b) on account of the termination of his service as a result of continued ill-health not occasioned by his own fault;

(c) on account of the termination of his service as a result of the reorganisation of the statutory institution where he is employed;

(d) owing to any such reason as may be prescribed,

shall be entitled to the prescribed pension as from the first day of the month following the date on which his service with such statutory institution terminates.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1)(b), (c) or (d) any member referred to therein shall be entitled to a pension only if his retirement takes place in such circumstances or on such conditions as the Commission, after consulation with the Director, may from time to time determine.

(3) Notwithstanding the provisions of subsection (1), any pension or benefit payable to any person entitled thereto, shall be paid within a period of sixty days after the date on which the Director receives a duly completed statement in such form as he may determine for the purposes of this subsection or, if he receives such statement before the date on which any pension or benefit is payable to the person concerned, the date on which such pension or benefit is payable.

Wet No. 3, 1980

# WET OP PENSIOENE VIR STATUTÊRE INSTELLINGS, 1980

Stakingsdatum van jaargelde.

6. Ondanks andersluidende wetsbepalings is 'n jaargeld betaalbaar tot die laaste dag van die maand waarin die betrokke pensioentrekker sterf.

Voortsetting van sekere jaargelde.

7. (1) Alle bestaande sowel as opgeloopte regte en verpligtinge van 'n vorige fonds ten opsigte van 'n persoon wat op 'n deur die Administrateur-generaal by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bepaalde datum in die gebied Suidwes-Afrika woonagtig is en op daardie datum op 'n jaargeld, toelae of bonus op grond van sy, of in die geval van 'n weduwee, haar oorlede eggenoot se lidmaatskap van 'n vorige fonds geregtig sou gewees het by ontstentenis van andersluidende wetsbepalings, word die regte en verpligtinge van die Fonds vanaf bedoelde datum.

(2) Daar word uit die Fonds aan 'n in subartikel (1) bedoelde persoon vanaf die aldus bedoelde datum 'n jaargeld betaal wat gelykstaan met die som van die jaargeld, toelae en bonus in daardie subartikel bedoel.

Verbod op sessie van en beslaglegging op pensioene en voordele.

8. (1) Geen pensioen of voordeel of reg ten opsigte van 'n pensioen of voordeel kan oorgemaak of oorgedra of andersins gesedeer of verpand of verhipotekeer word nie of is, behalwe soos bepaal in artikel 11(2) van die Wet op Onderhoud, 1963 (Wet 23 van 1963), vir beslaglegging vatbaar of aan enige vorm van eksekusie ingevolge 'n vonnis of bevel van 'n geregshof onderworpe nie.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) of van 'n ander wet, kan daar van tyd tot tyd, met goedkeuring van die Direkteur, 'n bedrag geld van die pensioen of voordeel van 'n persoon afgetrek word en aangewend word ter vereffening van skuld van daardie persoon van die aard wat voorgeskryf word.

Pensioen of voordeel nie bate in insolvente boedel nie.

9. 'n Pensioen of voordeel wat ontvang word deur 'n persoon wie se boedel gesekwestreer word, maak nie deel uit van die bates van sy insolvente boedel nie.

Betaling van pensioene en voordele aan ander persone as reghebbendes.

10. Indien die Direkteur oortuig is dat dit om die een of ander rede nie wenslik is om die hele bedrag van 'n pensioen of voordeel wat aan 'n persoon betaalbaar is, regstreeks aan so 'n persoon te betaal nie, kan die Direkteur gelas dat daardie pensioen of voordeel of 'n gedeelte daarvan aan 'n ander persoon betaal word op die voorwaardes wat die Direkteur bepaal betreffende die beskikking daaroor ten bate van eersbedoelde persoon of sy afhanklikes.

Tydsbeperking vir bepaalde vorderingsregte.

11. (1) Enige regsgeding teen 'n persoon wat gemoeid is met die toepassing van hierdie Wet, ten opsigte van 'n handeling wat ingevolge hierdie Wet verrig is of ten opsigte van 'n versuim om 'n handeling ingevolge daarvan te verrig, moet ingestel word binne twaalf maande vanaf die datum waarop die eiser van daardie handeling of versuim te wete gekom het of redelikerwys daarvan kon geweet het.

Cessation date of annuities.

6. Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, any annuity shall be payable until the last day of the month in which the pensioner concerned dies.

Continuation of certain annuities.

7. (1) All rights and duties, existing as well as accruing, of any previous fund in respect of any person residing in the territory of South West Africa on such date as the Administrator-General may by notice in the *Official Gazette* specify and who on that date would have been entitled to any annuity, allowance or bonus by reason of his, or in the case of a widow, her deceased spouse's membership of any previous fund, failing anything to the contrary in any law contained, shall become the rights and duties of the Fund as from the said date.

(2) There shall be paid from the Fund to any person referred to in subsection (1), as from the said date, an annuity equal to the sum of the annuity, allowance and bonus referred to in that subsection.

Prohibition of cession and attachment of pensions and benefits.

8. (1) No pension or benefit or right in respect of any pension or benefit shall be capable of being assigned or transferred or otherwise ceded or of being pledged or hypothecated or, save as provided in section 11(2) of the Maintenance Act, 1963 (Act 23 of 1963), be liable to be attached or subjected to any form of execution under any judgement or order of any court of law.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1) or of any other law, any amount of money may, with the consent of the Director, be deducted from time to time from the pension or benefit of any person and may be used for the payment of any debt of such person of such nature as may be prescribed.

Pension or benefit not an asset in insolvent estate.

9. Any pension or benefit received by any person whose estate is being sequestrated, shall not form part of the assets in his insolvent estate.

Payment of pensions and benefits to persons other than those entitled thereto.

10. If the Director is satisfied that for any reason it is undersirable to pay direct to any person the whole amount of any pension or benefit payable to such person, the Director may order that such pension or benefit or any portion thereof be paid to any other person on such conditions as the Director may determine in regard to the disposal thereof for the benefit of such first-mentioned person or his dependants.

Time limit in respect of certain actions.

11. (1) Any legal proceedings against any person concerned in the application of this Act, in respect of any act performed in terms of this Act or, in respect of any failure to perform any act in terms thereof, shall be commenced within twelve months from the date upon which the plaintiff had knowledge or could reasonably have had knowledge of such act or failure.

(2) 'n Regsgeding bedoel in subartikel (1) word nie ingestel nie voordat dertig dae verloop het na die bestelling aan die betrokke persoon van 'n skriftelike kennisgewing waarin die voorneme om sodanige regsgeding in te stel en besonderhede aangaande die beweerde handeling of versuim wat die eisoorsaak uitmaak, duidelik en ten volle uiteengesit word.

Delegering van bevoegdhede.

12. Die Direkteur kan 'n bevoegdheid wat by hierdie Wet aan hom verleen word aan die bekleder van 'n amp by die Direktoraat van Finansies delegeer en hom magtig om die een of ander werksaamheid te verrig of plig na te kom wat by hierdie Wet aan die Direkteur toegewys of opgelê word.

Regulasies.

13. (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, kan die Administrateur-generaal ná oorweging van 'n aanbeveling van die Kommissie gedoen ná oorlegpleging met die Direkteur, van tyd tot tyd regulasies uitvaardig —

(a) vir die administrasie van die Fonds;

(b) met betrekking tot die betaling van bydraes aan die Fonds en die betaling van pensioene en voordele uit die Fonds of uit inkomste aan of ten opsigte van lede by hulle uitdienstreding, ontslag, bedanking of afsterwe;

(c) met betrekking tot enige ander aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet voorgeskryf moet of kan word,

en oor die algemeen vir die verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet.

(2) Sonder om afbreuk te doen aan die algemene aard van die bepalings van subartikel (1), kan bedoelde regulasies —

(a) van tyd tot tyd die klasse of kategorieë van persone in diens van 'n statutêre instelling voorskryf wat nie bevoeg is om lede van die Fonds te word nie en die omstandighede waarin 'n persoon ophou om lid van die Fonds te wees;

(b) van tyd tot tyd die voorwaardes voorskryf waarop en die koers waarteen 'n lid tot die Fonds moet bydra en die tye wanneer en die wyse waarop 'n lid se bydraes van sy pensioengewende verdienste afgetrek en aan die Fonds oorbetaal moet word;

(c) van tyd tot tyd die omstandighede voorskryf waaronder en die grondslag en voorwaardes waarop 'n tydperk wat nie 'n tydperk van pensioengewende diens is nie, as pensioengewende diens gereken kan word en die bedrag, met inbegrip van rente, wat ten

(2) No legal proceedings referred to in subsection (1) shall be commenced before the expiry of thirty days after service on the person concerned of a notice in writing stating clearly and fully the intention of instituting such proceedings and particulars in regard to the alleged act or failure constituting the cause of action.

Delegation of powers.

12. The Director may delegate any power conferred upon him by this Act to the holder of any office at the Directorate for Finance and may authorize him to perform any function assigned to or carry out any duty imposed upon the Director by this Act.

Regulations.

13. (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, the Administrator-General may, from time to time, after consideration of any recommendation made by the Commission after consultation with the Director, make regulations —

(a) for the administration of the Fund;

(b) regarding the payment of contributions to the Fund and the payment of pensions and benefits from the Fund or from revenue to or in respect of members on their retirement, discharge, resignation or death;

(c) regarding any other matter which shall or may be prescribed under this Act,

and generally for the achievement of the objects of this Act.

(2) Without prejudice to the generality of the provisions of subsection (1), the said regulations may —

(a) from time to time prescribe the classes or categories of persons in the service of any statutory institution who shall be disqualified from membership of the Fund and the circumstances in which any person shall cease to be a member of the Fund;

(b) from time to time prescribe the conditions on which and the rate at which any member shall contribute to the Fund and the times at which and the manner in which the contributions of any member shall be deducted from his pensionable emoluments and paid to the Fund;

(c) from time to time prescribe the circumstances in which and the basis and conditions on which any period which is not a period of pensionable service may be reckoned as pensionable service and the

opsigte van sodanige tydperk aan die Fonds deur die betrokke lid of 'n ander persoon of uit inkomste betaal moet word, en die tye wanneer en wyse waarop sodanige bedrag bereken en aldus betaal moet word;

(d) die omstandighede voorskryf waaronder en die grondslag en voorwaardes waarop 'n lid van die Fonds na 'n ander pensioenfonds of -skema as 'n lid van sodanige ander fonds of skema oorgeplaas kan word of waarin of waarop 'n lid van so 'n ander fonds of skema na die Fonds as lid oorgeplaas kan word, en die bedrag, met inbegrip van rente, wat uit of aan die Fonds deur die betrokke lid, die ander pensioenfonds of -skema of die Fonds ten opsigte van so 'n oorplasing betaal moet word en die wyse waarop so 'n bedrag bereken en betaal moet word;

(e) van tyd tot tyd die bydraes, rente of ander bedrae voorskryf wat uit inkomste aan die Fonds betaal moet of kan word en die omstandighede waaronder en die grondslag en voorwaardes en die wyse waarop bedoelde bydraes, rente of ander bedrae bereken moet word en aan die Fonds oorbetaal moet of kan word;

(f) die omstandighede voorskryf waaronder en die wyse, grondslag en voorwaardes waarop bedrae namens 'n lid uit inkomste aan die Fonds betaal moet of kan word;

(g) 'n vroeër ouderdom as sestig jaar voorskryf as die pensioenouderdom ten opsigte van bepaalde klasse of kategorieë van lede van die Fonds;

(h) redes vir uitdienstreding voorskryf by die toepassing van artikel 5(1)(d);

(i) van tyd tot tyd die pensioene of voordele voorskryf wat van tyd tot tyd aan lede, pensioentrekkers, afhanklikes of hulle boedels in die by regulasie bepaalde gevalle of klasse of kategorieë van gevalle betaalbaar is, die wyse waarop sodanige pensioene of voordele bereken moet word, die tye wanneer en die wyse waarop dit betaal moet word en die aard van skuld en die bedrae wat van sodanige pensioene of voordele afgetrek moet of kan word, en die wyse waarop dit afgetrek moet word;

(j) voorsiening maak vir die belegging van bedrae wat in die krediet van die Fonds staan;

(k) voorsiening maak vir die periodieke evaluering van die bates en laste van die Fonds, en aangeleenthede wat daarmee in verband staan;

amount, including interest, which shall be paid to the Fund in respect of such period by the member concerned or any other person or from revenue, and the times at which and the manner in which any such amount shall be calculated and so paid;

(d) prescribe the circumstances in which and the basis and conditions on which any member of the Fund may be transferred to any other pension fund or scheme as a member of such other fund or scheme or in which or on which any member of any such other fund or scheme may be transferred to the Fund as a member, and the amount, including interest, which shall be paid from or to the Fund by the member concerned, the other pension fund or scheme or the Fund in respect of such transfer and the manner in which such amount shall be calculated and paid;

(e) from time to time prescribe the contributions, interest or other amounts which shall or may be paid to the Fund from revenue and the circumstances in which and the basis and conditions on which and the manner in which the said contributions, interest or other amounts shall be calculated and shall or may be paid to the Fund;

(f) prescribe the circumstances and manner in which and the basis and conditions on which amounts shall or may be paid from revenue to the Fund on behalf of any member;

(g) prescribe any age earlier than sixty years as the pensionable age in respect of specified classes or categories of members of the Fund;

(h) prescribe reasons for retirement for the purposes of section 5(1)(d);

(i) from time to time prescribe the pensions or benefits payable from time to time to members, pensioners, dependants or their estates in cases or classes or categories of cases provided for by regulation, the manner in which such pensions or benefits shall be calculated, the times at which and the manner in which such pensions or benefits shall be paid and the nature of any debt and the amounts which shall or may be deducted from such pensions or benefits, and the manner in which the deductions shall be made;

(j) provide for the investment of amounts standing to the credit of the Fund;

(k) provide for the periodic evaluation of the assets and liabilities of the Fund and incidental matters;

Wet No. 3, 1980

## WET OP PENSIOENE VIR STATUTÊRE INSTELLINGS, 1980

(l) voorsiening maak vir die uitoefening of verrigting deur die Direkteur of die Kommissie van bevoegdhede of werksaamhede met betrekking tot die verwesenliking van die oogmerke van hierdie Wet.

(3) Verskillende regulasies kan kragtens hierdie artikel uitgevaardig word ten opsigte van lede of pensioentrekkers wat tot verskillende klasse of kategorieë behoort of ten opsigte van gelde wat uit verskillende fondse of rekenings aan die Fonds betaal moet of kan word.

(4) 'n Regulasie, uitgesonderd 'n regulasie wat die koers waarteen lede tot die Fonds moet bydra, verhoog, of die bedrag van 'n jaargeld wat uit die Fonds betaalbaar is, verminder, kan met terugwerkende krag uitgevaardig word.

Kort titel en inwerkingtreding.

14. Hierdie Wet heet die Wet op Pensioene vir Statutêre Instellings, 1980, en tree in werking op 'n datum wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* bepaal.

(l) provide for the exercise or performance by the Director or the Commission of powers or functions relating to the achievement of the objects of this Act.

(3) Different regulations may be made under this section in respect of members or pensioners belonging to different classes or categories or in respect of moneys which shall or may be paid to the Fund from different funds or accounts.

(4) Any regulation, other than a regulation increasing the rate at which members shall contribute to the Fund or reducing the amount of any annuity payable from the Fund, may be made with retrospective effect.

Short title and commencement.

14. This Act shall be called the Statutory Institutions Pensions Act, 1980, and shall come into operation on a date to be fixed by the Administrator-General by proclamation in the *Official Gazette.*